27.4 RAPPORT 4 – DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – NUWE TERREINE (Artt 206, 290)

27.4 REPORT 4 – DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTRIES – NEW AREAS (Arts 206, 290)

A. Ds AJ Burger stel die Rapport.
Rev AJ Burger tables the Report.

B. **Besluit:** Verwys na ad hoc kommissie 2 met die toevoeging van di GC Verhoef en HS Coetzee tot die Kommissie.
Decision: Referred to ad hoc commission 2 with the addition of Revs GC Verhoef en HS Coetzee to the Commission.

C. Ds KP Steyn rapporteer namens ad hoc kommissie 2.
Rev KP Steyn reports on behalf of ad hoc commission 2.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Acta 2015:517, 6.4.5. "6.4.5 Om in samewerking met die SBTB en in die lig van nuwe navorsing wat aan die lig mag kom, verdere verdieping van die kerkgroeibediening te ondersoek, volgende vlakke van implementering voor te stel en die Sinode daaroor te adviseer".	**1. Mandate** Acta 2015:517, 6.4.5. "6.4.5 Explore the further deepening of the church growth ministry, suggest the next levels of implementation and advise the Synod accordingly in cooperation with the CMTG and in reference to new research that may come to light".
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem *Terme wat gebruik word in hierdie verslag: Nuuttoegevoegde gemeentes* verwys na die 162 gemeentes wat tot die bestaande GKSA toegevoeg is. *Bestaande gemeentes* verwys na GKSA-gemeentes wat reeds bestaan het voordat die 162 gemeentes toegevoeg is	**2. Matters that the Synod take note of** *Terminology applied in this Report: Newly included congregations* refer to the 162 congregations which were included in the GKSA. *Existing congregations* refer to GKSA-congregations which existed before the 162 congregations were included into the GKSA.
2.1 Die internetblad met die oog op die kerkgroeibediening, soos saamgestel deur Phia van Helden, is geëvalueer as bruikbaar vir kerke. Fondse om dit te vertaal was nie beskikbaar nie (http://diewilvangod.co.za/wp-login.php Gebruiks-en toegangswoorde beskikbaar by Voorsitter: Kerkgroeibediening)	2.1 The internet web page tool regarding churchgrowth was compiled by Phia van Helden and evaluated for use in the churches. Funds in order to translate the website was not available (http://diewilvangod.co.za/ wp-login.php Gebruiks-en toegangswoorde beskikbaar by Voorsitter: Kerkgroeibediening).
2.2 Die statistiek in die *Almanak* is nagevors en geëvalueer om tendense daaruit af te lei en om 'n bydrae te lewer in die beplanning en evaluering van ons gemeentes.	2.2 The statistics in the GKSA Almanak was researched and evaluated to draw relevant trends in order to assist planning for and evaluation of our churches.
2.3 Deputate moes *moontlike navorsingsonderwerpe of onderwerpe/nood* vanuit praktiese situasies na die werkgroep verantwoordelik vir hierdie opdrag ver-	2.3 Deputies must refer *possible topics of research* to this workgroup if and when they arise from practical situations and the needs in our churches. No topic for

wys. Geen onderwerp is deur die Deputate na die werksgroep verwys nie. Daar is wel navrae gekry vanaf die bediening op die Kaapse vlakte en rol van ouderlinge weens tekort aan predikante/evangeliste. Navorsing is deurgegee aan die kerkgroei-databank.	research was received from the Deputies, although a research inquiry was received regarding elders and the shortage of pastors in the Cape Flats. Research is stored in the churchgrowth data bank.
2.4 Navorsing is gedoen oor die huidige sekulêre en kulturele tendense. Bevindings en implikasies is in *In die Skriflig/In Luce Verbum* gepubliseer. Die artikel is per e-pos aan elke bestaande gemeente in die GKSA gestuur.	2.4 Research on current secular and cultural trends was done. Relative information and implications were published in *In die Skriflig/In Luce Verbum* to be of value for the congregations. Each article was e-mailed to each existing congregation in the GKSA.
2.5 Aandag is gegee aan die daarstel van 'n vraelys waardeur die nood in die kerke vasgestel kon word. Die bevindings is in *In die Skriflig/In Luce Verbum* gepubliseer. Die artikel is per e-pos aan elke bestaande gemeente in die GKSA gestuur.	2.5 Attention was given to the development of a questionnaire by which the needs in the churches could be established. The results were published in *In die Skriflig/In Luce Verbum*. This article was e-mailed to each existing congregation in the GKSA.
2.6 Jan Geertsema is genader om deel te wees van die navorsing en die interpretasie daarvan. Prof Faans Steyn van NWU is egter deur Jan Geertsema in sy plek aanbeveel. Prof Steyn was deel van die navorsingsprojek.	2.6 Jan Geertsema was nominated as an additional member to assist in the research and interpretation of the research. Prof Faans Steyn was recommended by Jan Geertsema in his stead. Prof Steyn was part of the research project.
2.7 Ten spyte van toegewyde werk wat gedoen is deur die Deputate Kerkgroeibediening, is struikelblokke geïdentifiseer buite die gestelde doelwitte vir Kerkgroeibediening. Hieronder word die tendense en struikelblokke uiteengesit.	2.7 In spite of dedicated work done by die Deputies concerned with churchgrowth, stumbling blocks were identified which were not part of the aims of the churchgrowth ministry. The stumbling blocks and tendencies are hereby set out.
2.7.1 'n Webblad gerig op kerkgroei is beskikbaar (http://diewilvangod.co.za/wp-login.php) vir enigeen wat meen dat kennis hieroor tekort skiet. 'n Aantal individue het aanvanklik daarvan gebruik gemaak, maar op die lang duur word die webblad nie besoek nie. Die nuuttoegevoegde gemeentes het weens taal en gebrekkige elektroniese vaardighede en geleenthede, nie van die webblad gebruik gemaak nie.	2.7.1 A web page regarding churchgrowth is available for anyone who would like to gain more knowledge on this topic (http://diewilvangod.co.za/wp-login.php). Initially the web page was visited, but recent visits do not take place. The newly included congregations did not visit the web page due to the language and the lack of electronically based skills.
2.7.2 Daar is nie begroot om hierdie webblad te vertaal, of op 'n ander manier toeganklik te maak vir die nuuttoegevoegde gemeentes nie.	2.7.2 Translation of the web site was not budgeted for or to make it accessable for the newly included congregations.
2.7.3 Navorsing toon dat kommunikasie binne die kerkverband 'n ernstige struikelblok is. Van die nuuttoegevoegde gemeentes het nie toegang	2.7.3 Research revealed that communication is a major stumbling block within the GKSA. Many of the newly included congregations do not have internet.

tot internet nie. Kontak om kommunikasie te bewerkstellig of op te volg, funksioneer byna glad nie. Kommunikasie deur middel van e-posse en selfoongebruik is grootliks oneffektief.	The action of effective communication almost do not exist. This include communication by means of e-mails or cell phone calls.
2.7.4 Meeste van die nuuttoegevoegde gemeentes is in 'n oorlewingstryd as gevolg van armoede. 'n Groot aantal bestaande gemeentes voer ook 'n oorlewingstryd as gevolg van krimpende getalle. Die gevolg is dat daar gemeentes besig is met elkeen se oorlewingstryd. Daar is nie tyd of energie om op iets anders soos kerkgroei, te fokus nie;	2.7.4 Most of the newly included congregations are caught up in a struggle for survival as a result of poverty, while a large number of existing congregations struggle to survive as result of declining numbers. Consequently the focus cannot be on anything else like churchgrowth.
2.7.5 'n Groot aantal GKSA-gemeentes stel nie belang in die aanpak vir die kerkgroeibediening nie.	2.7.5 A large number of GKSA-congregations are interested in the approach of the churchgrowth ministry.
2.7.6 Navorsing het getoon dat groot onkunde en onbevoegdheid by die nuuttoegevoegde gemeentes nie net op die vlak van kommunikasie bestaan nie, maar ewe sterk ook in die volgende aspekte: tydbeheer, beplanning, administrasie en verantwoordbaarheid. Hierdie gebreke kom baie sterk na vore in tye wanneer bv die insameling van data vir die jaarlikse *Almanak* plaasvind. Die resultate van die data soos dit in die *Almanak* verskyn, wys die stand van sake binne die GKSA se twee groepe gemeentes. Die *Almanak* is die GKSA se vertoonvenster en primêre bron vir algemene kennisname asook navorsing. Die bron beklemtoon die gebrek aan 'n geroepe gesindheid teenoor kerkgroeibediening binne die GKSA. Van die GKSA-gemeentes toon nie net groot onkunde en onbevoegdheid nie, maar selfs ook onwilligheid wanneer Suid-Afrika-nood en Suid-Afrika-verhoudings ter sprake is. Dit verduidelik verder waarom min aandag gegee word aan die kerkgroeibediening.	2.7.6 Research reveals that great ignorance and incompetence exist amongst the newly included congregations. It manifests not only in the case of communication, but also in aspects like time control, planning, administration and accountability. The collection of data for the annual *Almanac* emphasizes this crisis in red. The GKSA *Almanac* and it's statistics are the showcase and prime source of GKSA congregational information and for research. The *Almanac* portrays the state of affairs in the two groupings of the GKSA. This source emphasizes the lack of a called attitude towards the churchgrowth ministry in the GKSA, as well as great ignorance and incompetence and even unwillingness when South African needs and relations are in question. This, amongst other things, also explains why very little attention is paid to the churchgrowth ministry.
2.7.7 In baie plattelandse gemeentes wat nuut toegevoeg is tot die GKSA, is die gebrek aan behoorlike geestelike bediening 'n akute struikelblok. Redes hiervoor is:	2.7.7 In many of the newly included rural congregations, the lack of proper spiritual ministry is a major stumbling block. Reasons for this are:
2.7.7.1 Daar is baie vakante gemeentes met die gevolg dat geestelike bediening benadeel word.	2.7.7.1 There are many vacant congregations, consequently effecting proper spiritual pastoring.

2.7.7.2 Groot afstande, veral op die platteland, veroorsaak dat gebrek aan besoeke en gevolglik ook gebrek aan geestelike bediening, 'n reuse struikelblok is.	2.7.7.2 Distances, especially in rural areas, cause lack of visitation, thus leading to lack of spiritual pastoring.
2.7.7.3 Verder is die gebrek aan geld vir vervoer ter wille van geestelike bediening, 'n harde werklikheid.	2.7.7.3 The hard reality of poverty causing the option of transport not even to be considered, leads to lack of proper pastoring.
2.7.7.4 Ter verswaring van die gebrek aan geestelike bediening, is baie ouderlinge ongeletterd en kan lidmate nie vanuit die Bybel bedien word nie.	2.7.7.4 Illiteracy of local elders intensify the lack of effective Scriptural pastoring.
2.7.7.5 In die stede is die gebrek aangeestelike versorging ook in die spervuur. In die meeste nuuttoegevoegde gemeentes vind weinig tot geen groei plaas. Dit, terwyl daar miljoene mense in die stede is om te bedien.	2.7.7.5 In the cities the newly included congregations also experience shortages regarding spiritual ministry. The tendency is that little to no growth takes place, although there are millions of people to minister.
2.7.8 Die GKSA het 'n nypende tekort aan bedienaars van die Woord, evangeliste en helpers. Daar is 'n ernstige behoefte aan vinniger, meer bekostigbare in-diens-opleiding met kwalifikasies wat as voldoende en as gesagvol aanvaar kan word. Die behoefte bestaan by die bestaande gemeentes en veral by die nuuttoegevoegde gemeentes.	2.7.8 The GKSA portrays an intense shortage of ministers, evangelists and helpers. There is a serious need for faster, more affordable in-service training resulting in qualifications achieved which are sufficient and accepted as authoritative. This need is noticed within both groups in the GKSA, but in a much more intense way amongst the newly included congregations.
2.7.9 Die GKSA beleef 'n verdeling wat sigbaar is in die afwesigheid in mekaar se omstandighede en nood. Die GKSA-huisgenote van die geloof (Gal 6:10) toon gebrek in dienende ondersteuning.	2.7.9 The GKSA experience a visible division. This division is noted seeing that each group is absent from the other group's circumstances and needs. The GKSA household of faith (Gal 6:10) lacks in serving and supporting one another.
2.7.10 Die gebrek aan eenheid benadeel geloofwaardigheid van broederskap in Christus. Gebrek aan eenheid benadeel die kerk se geloofwaardigheid in die oë van die wêreld. Kerkgroeibediening kan nie aangespreek word vanuit 'n huis wat onderling verdeel is nie (Matt 12:25).	2.7.10 The lack of unity negatively works against the supposed integrity of the brotherhood in Christ. Lack of unity negatively works against the integrity of the church as noted by the world. Churchgrowth can not be discussed when the household is devided (Matt 12:25).
Bogenoemde gebreke binne die GKSA kan deur die volgende aanbevelings aangespreek word.	Above mentioned shortcomings within the GKSA can be addressed by the following recommendations.
3. Aanbevelings	**3. Recommendation**
3.1 Die erns van die stand van sake binne die GKSA vereis die daarstel van 'n *stuurspan*. Besondere vaardighede sal	3.1 The serious state of the GKSA demands a team championing this challenge. Specific skills will be of great help:

van hulp wees: gebedsgedrewe afhanklikheid, dinamiese en kreatiewe geloofswaagmoed, probleemoplossende en dienende leidinggewing, eienaarskap van die roeping en dryfkrag gerig op evaluering en rivisionering.	prayer driven dependency, dynamic and creative courage originating from faith, serving leadership working towards problem solving, accountability arising from this calling and a driven attitude in order to evaluate and to come to revisionering.
3.2 Die doel van die stuurspan is dat binne ‘n kort tydperk van twaalf maande, doelgerig en gelyklopend aksie geneem word ter wille van	3.2 The aim of this team is to take simultaneously purposeful action within a short period of twelve months in order to
3.2.1 *bewusmaking* van die interne GKSA-struikelblokke, en	3.2.1 create *awareness* of the internal GKSA-stumbling blocks;
3.2.2 die *aanspreek en praktiese hantering* van die genoemde struikelblokke;	3.2.2 *address* these stumbling blocks and *act* accordingly in a practical way;
3.2.3 *eenheid in Christus bewerkstellig* om die verdeling wat deur die geskiedenis veroorsaak is, op geloofwaardige wyse uit te roei;	3.2.3 work towards *unity* in Christ, eliminating the grouping that arose in the past in a credible way;
3.2.4 Na afloop van die tydperk vind *revisionering* plaas deur te beplan wat die nuwe stappe is wat moet plaasvind volgens die vordering wat gemaak is;	3.2.4 after the set period, *revisionering*, new aims and plans are determined according to the progress made;
3.2.5 *Rapportering* van vordering vind as staande punt plaas tydens *Klassisse*;	3.2.5 progress is *reported* on Classes as a set agenda item;
3.2.6 *Rapportering* aan die Deputate Kerkgroeibediening vind jaarliks plaas om die stand van die GKSA vanuit die Sinode te kommunikeer en opnuut daarvolgens op te tree.	3.2.6 progress is annually *reported* to the Deputies Church Growth to communicate to movement in the state of the GKSA to the Synod in order to act accordingly.
3.3 Die stuurspan sien toe dat onderlinge ondersteuning landswyd tussen individuele gemeentes plaasvind spesifiek met die oog op bemagtiging rakende administrasie t.w.v. die *Almanak*, die vertoonvenster van die GKSA-kerkverband wat geloofwaardig moet wees.	3.3 Across the country the steering team sees that mutual congregational support is given, specifically aimed at the empowerment of all individual congregations regarding administration of the *Almanac*. This book is the show case of the state of the GKSA and need to be credible.
Ondersteuning vind soos volg plaas:	*Support* takes place as follows:
3.3.1 wie in die gemeente is verantwoordelik vir insameling van data;	3.3.1 who is responsible for gathering data in the congregation;
3.3.2 hoe kan data binne die spesifieke gemeente volhoubaar ingesamel word,	3.3.2 how can data within each unique congregation be collected in a responsible way;
3.3.3 hoe data gestoor word – kort en langtermyn;	3.3.3 how can data be stored – short and long term;
3.3.4 hoe en wanneer data aan die *Almanak* deurgegee word;	3.3.4 how and when data must be provided to the *Almanac*;
3.3.5 opleiding van proponente, predikante en ander lidmate om die administrasie volhoubaar te laat plaasvind.	3.3.5 training of proponents, ministers and other church members in order to administer collecting of data in a sustainable way.
3.4 Die Deputate belas met die *Almanak* vergewis hulself van die bevindings in	3.4 Deputies charged with the *Almanac* are to make sure about the findings of the

verband met die navorsing wat tot hierdie aanbevelings gelei het.	research that led to these recommendations.
3.5 Pas die *Almanak* se inligting aan om vas te stel of dit nodig en nuttig is vir die nuuttoegevoegde gemeentes asook vir die bestaande gemeentes.	3.5 Adjust the information in the *Almanac* according to what the need really is and whether it is useful for both the newly added congregations, as well as the existing congregations.
3.6 Begroot vir vertalingsdienste vir die webblad wat handel oor kerkgroeibediening, sodat dit gereed kan wees teen die tyd dat die GKSA in eenheid gereed is vir die volgende stap, naamlik die doelgerigte kerkgroeibediening.	3.6 Budget for the translation of the website which was created for church growth ministry. When unity is achieved, this translation can be completed and ready for use – as the following next step taken by all the GKSA congregations.
3.7 Bevorder bestaande opleidinginstansies vir praktiese bediening en soek alternatiewe opleidingskanale om die Suid-Afrikaanse situasie, asook die Afrika-situasie te dien.	3.7 Improve existing training institutions and explore alternative training channels in order to serve the South African and African situation.

E. **RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE / REPORT OF THE AD HOC COMMISSION**

1. Opdrag	**1. Assignment**
1.1 Bogenoemde Rapport van Deputate Kerkgroeibediening word na ad hoc kommissie 2 verwys om die Sinode te adviseer rakende die hantering van die Rapport.	1.1 Abovmentioned Report of the Deputies Church Growth Ministries is referred to ad hoc commission 2 to advise the Synod on how to deal with the Report.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 In terme van pte 2.7.3 tot 2.7.9 (“Sake waarvan die Sinode kennis neem”) van die Rapport, sowel as gesprek met die huidige Deputate, is dit duidelik dat daar heelwat onafgehandelde sake in die Rapport is.	2.1 In terms of pts 2.7.3 to 2.7.9 (“Matters that the Synod take note of”) of the Report, as well as a conversation with the current Deputies, it is clear that there is a lot of unfinished business in the Report.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
3. Aanbevelings	**3. Recommendations**
3.1 Dat die Sinode kennis neem van die belang van hierdie saak.	3.1 That the Synod takes note of the importance of this matter.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.2 Dat die Sinode die saak van nuwe terreine opgedra aan die te benoeme Deputate Kerkgroeibediening ter oorweging, soos toegelig deur die huidige Deputate.	3.2 That the Synod assigned the matter of new terrains to the Deputies Church Growth Ministries for evaluation, as explained by the current Deputies.
Besluit: Goedgekeur (wysigings alreeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).**